Sondag **21 Januarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 11:1-11**

**Fokusgedeelte: Hosea 11:6**

**Die oormag van die Here se genade**

In hulle begindae as sy volk het die Here hulle, soos ’n pa sy kind, leer loop; hulle gedra wanneer dit nodig was; hulle las draaglik gemaak. Sy volk het Hom teleurgestel. Hulle was ontrou aan Hom deur afgode te vereer.

Wanneer iemand ons diep teleurstel, vertrou ons hom nooit weer ten volle nie. Wanneer ’n kind byvoorbeeld sy ouer se liefde bly vertrap, verloor selfs die ouer uiteindelik geduld. Hy kan hom van sy kind onttrek; sy kind eenvoudig op sy eie koers laat voortgaan.

Die volk van God stel die Here met hulle ontrou diep teleur. Hoewel sy volk van toe en vandag verdien dat die Here Hom aan ons onttrek, of ons in toorn straf, doen Hy dit nie.

Hy is gans anders as ons. Hy vra herhaaldelik hoe kan Hy handdoek ingooi met sy volk? Hoe kan Hy hulle eenvoudig laat vaar? Hy sê Hy sal nie in brandende toorn teen sy volk optree nie. Waarom nie? Sy antwoord: Want Ek is God, nie ’n mens nie.

Die Here God sien ons in genade aan. Sy genade is nooit tevergeefs nie. Hy sou sy verstrooide volk roep met wat klink soos die brul van ’n leeu. Hosea 11 sluit af met die belofte dat sy volk in antwoord op sy roep vol ontsag vir Hom sou terugkeer na hulle huise. Die Here verbind die terugkeer van sy volk aan Jesus wat na die kindermoord onder Herodes uit Egipte teruggekeer het (Matt. 2:14-15). Die Here betoon op grond van Jesus Christus se verdienste genade.

Wie die Here se roep hoor en met ontsag daarop antwoord, leef weer aan Hom verbonde. Die Here se trou het geen einde nie. Daaroor kan en mag ons ons ook vandag verbly!

*Sing: Psalm 84-1:2*

*Ds. JH (Johan) Jordaan (Emeritus)*